

(Liriomyza huidobrensis) “ Aartappelblaarmyner”

Algemeen

- Gasheer reeks – aartappel, seldery, sigorei, raap, blaarslaai, broccolie, blomkool, beet, artisjokke, spinasie, spanspek, komkommer, ertjies, boontjies, uie, knoffel, groen rissie, tamaties, krisante, angeliere, vlas en nog ongeveer 24 onkruid spesies.
- Tydens die aktiewe groeifase van die plant word tot 90% van eiers en 60% larwes uit blare geforseer deur groeiende selle. Daarom is tydens die fase gewoonlik slegs punkture waarneembaar en larf (myner) skade op die onderste ouer blare. Tydens en na die blom fase stagneer vegetatiewe groei en ontplof die vlieg populasie en myner skade neem vinnig toe.
- Oesverliese van 50% en meer kan voorkom.
- Beskadigde blare dien as infeksie areas vir swamme en ander plant siektes.
- Geen stadium van die blaarmyner val die knolle aan nie.
- Die lewensiklus van die vlieg word moeilik gebreek aangesien giwwe nie die papies doodmaak nie en daar dus daaglik tien duisende vliegies tot die geveg toetree.

Simptome

- Wyfie vliegies steek die plant en veroorsaak punkture wat op blare sigbaar is.
- Die larwes (2-3mm) vreet tunnels deur die bladgroen van die blare. Die groter larwes konsentreer rondom die midrif en tunnel ook soms in die stingel af. Dit veroorsaak dat blare tipies van die middel af verdroog en kan lei tot blaarstele wat in geheel afsterf.

Lewens siklus

- Tydens ideale omstandighede duur die volledige siklus ± drie weke.
- Die wyfie vlieg lê eiers in sommige (±10%) van die punkture wat sy steek. Eier tot larwe = 2-4 dae. Larwe tot papie = 3-7 dae. Papie tot vlieg = 7-14 dae. Wyfie vliegies leef 1-2 maande en lê tot 700 eiers in die tyd maar die meeste daarvan binne 4 dae.
- Vliegies voed op sap wat uit die punkture kom.
- Larwes voed op die bladgroen tussen die boonste en onderste laag van blare.
- Papies ontwikkel uit die larwes op die blare en meeste val dan grond toe.

Beheer

- Dien middels toe in 500 liter water per ha om goeie benatting te verkry.
- Sodra eerste punkture gewaar word spuit abamectin bv. 600 ml/ha Agrimec met 500 ml/ha Citrex of soortgelyke olie. Herhaal 7 dae later. Meng die Agrimec konsentraat met die Citrex olie voor die spuit mengsel met water verdun word. Spuit vroeg oggend of laat middag om die afbreek van abamectin deur ultra-violet strale te beperk. Gee genoeg tyd vir die opname van die produk voor die volgende besproeiing.

- Indien nuwe punkture of myner skade op nuwe groei verskyn na die laaste abamectin bespuiting moet cyromazine bv. 300 gram Patron/ha gespuit word en volg dit op met nog 'n bespuitings 7 dae later.
- Die abamectin en cyromazine bespuitings moet voor blom toegedien word aangesien hierdie middels nie effektief opgeneem kan word nadat die plant se vegetatiewe groei begin afneem het nie. Daarna moet opgevolg word met kontakmiddels soos Suintap en ander hier onder genoem.
- Indien die blaarmyner druk baie hoog is en vroeg in die seisoen met beheer begin is kan die abamectin en cyromazine bespuitings na drie elk vermeerder word.
- Suintap (cartap hydrochloride), Dede vap (dichlorvos), Vydate (oxamyl), Hunter (chlorphenapyr), Tracer, Steward (indocsacarb) en Seleccion (profenofos) het in laboratorium toetse goeie resultate gelewer vir die beheer van larwes op tamatie plantjies. Nie al die genoemde middels het registrasie vir die gebruik teen *L. huidobrensis* op aartappels nie. Die middels sonder registrasie word dus op eie risiko gebruik.
- Gebruik sagte luis- en aartappelmotmiddels om natuurlike vyande so min as moontlik te benadeel. Wanneer slegs sagte middels gebruik word wees dan op die hoede dat luisse nie 'n probleem raak in saadplantings nie.
- Gesonde, aktief groeiende plante sal beter weerstand bied as swak plante of plante onder "stress"
- Dede vap (dichlorvos) @ 500 ml/ha kan saam met Patron gespuit word om die vliegies ook te beheer. Die beheer van die vliegies is egter problematies aangesien daar gedurig vliegies van ander bronne soos vanaf onkruid langs die land opdaag. Die fokus moet dus wees op die beheer van die larwes.

Verwysings:

- "Nuwe blaarmyner maak amok op aartappels, Diedrich Visser", Chips vol.14 no.3 Mei/Junie 2000, p34.
- "Nuwe plaag bedreig aartappels", Landbou Weekblad, 30 Junie 2000, no.1154.
- "Potato Diseases", NIVAA, Holland.
- "A Guide for the control of plant pests, 1999", National Department of Agriculture.